
# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 20


Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos en ewig by my b



Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God.



Genesis 1:2: Die aarde was woes en leeg, en donkerte was oor die oerwater. Maar die Gees van God het oor die water gesweef,

Handelinge 5:3-4: Petrus het toe gesê: “Ananias, waarom het Satan jou hart vervul, sodat jy vir die Heilige Gees gelieg en vir jouself van die geld vir die grond teruggehou het? Toe dit onverkoop bly lê het, was dit nie joune nie? En toe dit verkoop is, was die geld nie tot jou beskikking nie? Waarom het jy hierdie daad in jou hart bedink? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God.”

1 Korintiërs 2:10: Maar aan ons het God dit deur die Gees geopenbaar; want die Gees ondersoek alles, ook die dieptes van God.

1 Korintiërs 3:16: Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is, en dat die Gees van God in julle woon nie?

1 Korintiërs 6:19: Of weet julle nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, 'n tempel is van die Heilige Gees in julle, en dat julle nie aan julleself behoort nie?

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?



Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee

Matteus 28:19-20: Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd."


2 Korintiërs 1:22: wat ons ook verseël en die Gees as waarborg in ons harte gegee het

Galasiërs 3:14: Die doel was dat die seën wat Abraham ontvang het in Christus Jesus, na die nasies sou gaan, en dat ons die Gees wat beloof is, deur die geloof sou ontvang.

Galasiërs 4:6: En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: "Abba, Vader!"

Efesiërs 1:13: 13 In Hom is julle, toe julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het, verseël met die Heilige Gees, wat beloof is.

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?



Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade

Johannes 16:13-14: Maar wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die volle waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die toekomstige dinge aan julle bekend maak. Hy sal My verheerlik omdat Hy dit wat Hy van My sal ontvang, aan julle bekend sal maak.

1 Korintiërs 2:12: Ek het besluit om by julle van niks anders te weet nie as van Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.


1 Korintiërs 6:17: Maar die persoon wat homself aan die Here verbind, is een gees met Hom.

Galasiërs 3:14: Die doel was dat die seën wat Abraham ontvang het in Christus Jesus, na die nasies sou gaan, en dat ons die Gees wat beloof is, deur die geloof sou ontvang.

1 Petrus 1:2: hulle wat uitverkies is volgens die voorkennis van God, die Vader, om deur die heiligmaking van die Gees gehoorsaam te wees, en met die bloed van Jesus Christus besprinkel te word: Mag genade en vrede in oorvloed aan julle geskenk word!

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos




Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Johannes 15:26: “Wanneer die Parakleet kom wat Ek van die Vader af aan julle sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.

Handelinge 9:31: Die kerk dwarsdeur die hele Judea, Galilea en Samaria het vrede beleef en is opgebou. Hulle het met ontsag voor die Here geleef, en met die bemoediging van die Heilige Gees, het hulle getalle toegeneem.

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos en ewig by my bly.



Parakleet: Die Griekse woord verwys na iemand wat geroep is om bystand te verleen – 'n helper, 'n voorspraak, 'n pleitbesorger, 'n trooster.

Johannes 14:16-17: En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees. Hy is die Gees van die waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die wêreld Hom nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

1 Petrus 4:14: As julle ter wille van Christus se Naam beledig word – gelukkig is julle, omdat die Gees van heerlikheid, dit is die Gees van God, op julle rus.

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade, my troos en ewig by my bly.

## SONDAG: 20 - VRAAG EN ANTWOORD: 53

Vraag: Wat glo jy van die Heilige Gees?

Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God[1]. Ten tweede is Hy ook aan my gegee[2] sodat Hy my deur 'n ware geloof deel laat kry aan Christus en al sy weldade[3], my troos[4] en ewig by my bly[5].

1 Genesis 1:2; Handelinge 5:3-4; 1 Korintiërs 3:16; 1 Korintiërs 2:10; 1 Korintiërs 6:19
2 Matteus 28:19-20; 2 Korintiërs 1:22; Galasiërs 3:14; Galasiërs 4:6; Efesiërs 1:13
3 Johannes 16:13-14; 1 Korintiërs 2:12; 1 Korintiërs 6:17; Galasiërs 3:14; 1 Petrus 1:2
4 Johannes 15:26; Handelinge 9:31
5 Johannes 14:16-17; 1 Petrus 4:14